# JAARVERSLAG AREA 8

## 26 FEBRUARIE 2025

Een van die lekkerste take vir my as UB-lid is om terug te kyk oor ‘n jaar en te herleef wat die vyf takke in Area 8, nl. Hennenman, Jubileum, Ventersburg, Virginia en Welkom, gedoen het. Ek lê dit met groot graagte voor.

Die vyf takke in Area 8 sluit die jaar af met 96 lede. Ons is dankbaar om te sê dat die ledetal konstant gebly het in 2024.

Baie interessante takvergaderings wat die VVLU-temas dek, word gehou. Pieter van Niekerk van die SA Gidshondvereniging in Pretoria besoek twee takke met sy twee pragtige gidshonde en gee baie interessante inligting oor hulle werksaamhede; Testamente en die hulp wat begrafnisondernemers verskaf; Die aktiwiteite van House of Hope en die gebruik van Kasterolie; ‘n virtuele Blommetoer na Namakwaland; Hoe lede hul finansies moet bestuur; ‘n Plaaslike winkel wat meer kom vertel oor die koop van klere ;’n Besoek aan Italiaanse inwoners wat hulle familie, gewoontes en wenke vir ‘n besoek aan Italië deel; ‘n Heerlike “kreatiewe” vergadering met ‘n verskeidenheid aktiwiteite waaraan al die lede deelneem; Bye, hulle gewoontes, waar hulle aangetref word en medisyne wat van byewas gemaak kan word is enkele van die takvergaderings wat aangebied is.

Ongelooflike interessante demonstrasies en werkswinkels word in elke tak aangebied. Takke het regtig moeite gedoen om vir elke vergadering ook ‘n demonstrasie/werkswinkel te reël. ‘n Krat wat met materiaal oorgetrek word, Tafeldekor met ou boeke, Hergebruik van afvalseep, Hobbelkombersie, Chinese dumplings, Fondantblomme, Junk Journal, Maak van badsout, die maak van ‘n Arabiese broodpoeding, “Um Ali” deur ‘n sjef wat jare in die Ooste gewerk het, maak van Speldekussings, en die inlê van roosboomsteggieis, is enkele voorbeelde.

Takke is aangemoedig om dames, wat nog nooit Laslapwerk gedoen het, te leer en te help om ten minste ‘n skinkbordlappie te maak. Die beste lappie in elke tak, is met ‘n geskenkie van die Area beloon. Ventersburg se “leer” was so suksesvol, dat ‘n Laslappieklub gestig is en die mooiste artikels uitgestal is by takvergaderings. Die gogga het behoorlik gebyt!

Van die takke het heerlike uitstappies onderneem.  Ventersburg na Habby & Lace, Hennenman en Welkom na Fabulous Frames & Décor, Jubileum na Maranatha kwekery en Welkom ontdek die juwele van Wesselsbron.

Takke het met groot ywer aan die Miami-kompetisie deelgeneem en spoggerige brode en souse is tot op Areavlak aangebied.  Vanda Gagiano en Lorinda Volschenk se artikels is deur tot by VVLU-vlak.

Area 8 vaar baie goed op die VVLU-kongres.  Die Area behal twee eerste, twee tweede, twee derde, een vierde, drie vyfde en twee sesde plekke.  Die Area eindig tweede en 10 dames se artikels is deur na die SAVLU-kongres.  Dames vaar baie goed en Elsie Botha behaal ‘n 5e plek vir haar masjienartikel en Elize Terblanche behaal ‘n 6e plek vir haar Appliscape-artikel.  Baie geluk aan elke dame.  Ons is regtig baie trots op julle.

Ek wil dan ook net hier baie dankie sê vir elke takvoorsitter en elke taklid vir ongelooflike samewerking gedurende 2024.  Inligting en inskrywings is betyds deurgegee en takaktiwiteite met groot entoesiasme aangepak. Ek waardeer elkeen van julle.